Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## 2019

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taal | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

ÉcoleBooks

9. Skryf netjies en leesbaar.


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

**(a) GOEDHARTIGE SAKEMAN SKENK KUNSBEEN**

**(b) VAN BEDEL VIR GELD TOT COMRADES-HELD**



1 Xolani Luvuno (34), oorspronklik van Oos-Londen, was drie jaar gelede een van die bedelaars in Sunnyside, Pretoria. Hy was verslaaf aan drank en nyaope. Hy het sy dae deurgebring deur geld te bedel vir sy volgende "fix" en snags het hy onder 'n brug geslaap.

2 Hy is nie skaam om oor sy verslawing en verkeerde dade te praat nie. Hy erken dat hy mense op straat beroof het, by huise ingebreek het en op 'n stadium 5 jaar tronkstraf vir sy dade moes uitdien. In hierdie tyd moes Xolani se regterbeen ook geamputeer word omdat hy beenkanker gekry het. Maar gelukkig vir Xolani, het alles nie so hopeloos gebly nie.

3 In 2016 het Hein Venter, die bestuurder van Sunbird Perfumes-fabriek, Xolani by 'n verkeerslig sien bedel. Hein het met Xolani begin gesels en hy het gehou van die vriendelike jongman. Hein het vir Xolani werk by die fabriek aangebied en toe hy sien dat Xolani goed werk, het hy vir Xolani 'n kunsbeen laat maak. Met Hein se hulp, geduld en omgee, het Xolani se dwelmvrye lewe begin.

4 Hein sê hy kan geen krediet neem vir Xolani wat sy lewe omgedraai het nie. Hy sê: "Luvuno is 'n merkwaardige man en 'n voorbeeld van hoe 'n mens die kanse wat jy in die lewe kry, moet gebruik. Jou verlede bepaal nie jou toekoms nie. Ons moet ook nie mense veroordeel oor wat hulle in die verlede gedoen het nie. Dis wat jy vándag met jou lewe maak, wat tel."

5 Op sy beurt glo Xolani weer Hein moet al die eer vir die verandering in sy lewe kry. "Ek moet vir hom dankie sê. Vir my is hy 'n pa, 'n afrigter en my alles," sê Xolani.

6 Dit was nie maklik om vry te kom van dwelms en drank nie. Xolani moes sy ou vriende en verkeerde leefstyl agterlaat. Vandag drink hy net cappuccino en konsentreer hy daarop om te oefen. Hy is ook aktief in sy kerk en hy lewer motiveringspraatjies. 'n Mens kan maar sê hardloop het Xolani se lewe verander.

7 Waar het Xolani se belangstelling in hardloop begin? Hy sê dit was per toeval omdat baie van sy kollegas by die werk vir die Sunbird Striders-klub gehardloop het. Hy het toe ook begin deur eers net 5 km te draf. Sy spanmaats het gedink hy maak 'n grap toe hy daarna besluit om 21 km aan te durf. Hy het sy eerste marathon oor 42 km binne 7 uur voltooi en later sy tyd met 2 uur verbeter. In 2018 het hy geskiedenis gemaak toe hy die Comrades-marathon op krukke en met een been voltooi het.

8 Die organiseerders van die 2018 Comrades-marathon het gesê Xolani was welkom om deel te neem. Hy sou egter op sy eie moes wegspring en sy tyd sou nie amptelik erken word nie. Hy sou ook nie 'n medalje ontvang nie. Xolani is dus toegelaat om 00:30 (5 uur voor die ander atlete) te begin sodat hy voor 18:00 kon klaarmaak. Hy het 17 uur gehad om die eindstreep te haal waar ander atlete net 12 uur kry. Hein het 'n klankopname met "Shosholoza", "Chariots of Fire", die hoenderhaan wat kraai en die wegspringskoot gespeel. Hierdie musiek en die kraaiopname word tradisioneel voor die amptelike wegspring om 05:30 gespeel.

9 Hein het saamgedraf en 'n ambulans het hulle gevolg. Volgens Xolani was die laaste 9 km baie moeilik, maar hy het nie een keer daaraan gedink om op te hou nie en hy het heelpad geglimlag! Hy was vasberade om geskiedenis te maak. Hy is soos 'n held ontvang toe hy die Moses Mabhida-stadion binnegekom het. Dit was ongelooflik.

10 Na Xolani se dapper vertoning in 2018, het hy belowe hy sal in 2019 weer daar wees. Dan wil hy nog vinniger hardloop. "Ek wil vergoed vir die tyd wat ek met dwelms, drank en verkeerde dinge op straat gemors het. Ek gaan nooit weer terug na my ou lewe toe nie. Ek het 'n tweede kans gekry en nou wil ek 'n positiewe bydrae lewer. Ek wil ander mense, wat leef soos ek geleef het, motiveer om ook te glo dat niks onmoontlik is nie."

[Verwerk uit ewn.co.za en *Die Burger*, 13 Junie 2018]


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Hoe oud was Xolani toe hierdie artikel oor hom geskryf is? (1)

1.2 Waar het Xolani gewoon voordat hy Pretoria toe is? (1)

1.3 Hoe het Xolani geld in die hande gekry terwyl hy op straat was? (1)

1.4 Xolani het snags gemaklik geslaap toe hy nog in Sunnyside was.

Haal 'n sin uit paragraaf 1 aan om hierdie stelling ONWAAR te maak. (1)

1.5 Xolani het op 'n stadium 5 jaar tronkstraf uitgedien.

1.5.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit was (regverdig/onregverdig) dat Xolani die tronkstraf moes uitdien. (1)

1.5.2 Motiveer jou antwoord met 'n feit uit die leesstuk. (1)

1.6 Gee TWEE redes waarom die ontmoeting met Hein Venter die begin van 'n nuwe lewe vir Xolani was. (2)

1.7 Wat bedoel Hein as hy sê dat Xolani se verlede nie sy toekoms bepaal nie? (Reël 17) (1)

1.8 Lees paragraaf 4 en 5.

Hoe verskil Hein en Xolani oor die rol wat Hein in Xolani se lewe gespeel het? (2)

1.9 Waarom, dink jy, is Xolani 'n motiveringspreker wat 'n mens kan glo? (1)

1.10 Wat beteken dit as ons sê dat Xolani "geskiedenis gemaak" het toe hy die 2018 Comrades-marathon op krukke en met een been voltooi het? (1)

1.11 Xolani het sy hardlopery goed beplan.

Kies die beskrywing in KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.11.1 tot 1.11.4) neer, bv. 1.11.4 F.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.11.1 Hy het 5 km gedraf. | A Die Sunbird Striders-klub het nie gedink hy was ernstig toe hy hierdie afstand wou hardloop nie. |
| 1.11.2 Hy het 21 km gehardloop. | B Nadat hy hierdie afstand gehardloop het, het almal in Suid-Afrika van hom geweet. |
| 1.11.3 Hy het 42 km gehardloop. | C Dit was die afstand wat hy aan die begin gehardloop het. |
| 1.11.4 Hy het die 2018 Comrades-marathon voltooi. | D Toe dinge tydens hierdie afstand baie moeilik geword het, het Xolani gedink dat hy liewer moes ophou. |
| | E Hy het sy tyd oor hierdie afstand mooi verbeter. |

(4 x 1) (4)

1.12 Xolani het nie saam met die ander Comrades-atlete weggespring nie. Wat het Hein gedoen om Xolani te laat voel dat hy regtig aan die Comrades-marathon deelgeneem het? (1)

1.13 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.13) neer.

Lees paragraaf 9.

Watter idioom pas die beste by dit wat Xolani reggekry het?

A Hoe meer haas, hoe minder spoed.
B Van lekker lag, kom lekker huil.
C Dit was bo sy vuurmaakplek.
D Aanhouer wen. (1)

1.14 Waar in Durban het die 2018 Comrades-marathon geëindig? (1)

1.15 Haal TWEE opeenvolgende woorde uit paragraaf 10 aan wat aandui dat Xolani iets goeds vir ander mense wil doen. (1)

1.16 Waaruit kan ons aflei dat die 2018 Comrades-marathon nie Xolani se laaste Comrades was nie? (1)

1.17 Waarom kan 'n mens verstaan dat Xolani nie 'n medalje vir die Comrades-marathon ontvang het nie? (1)

1.18 Watter titel, '(a) Goedhartige sakeman skenk kunsbeen' of '(b) Van bedel vir geld tot Comrades-held', pas die beste by hierdie artikel? Motiveer jou keuse. (1)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM


Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**SPOTPRENT**

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS B: GESIN OP DIE STRAND**




[Verwerk uit *Die Burger*, 21 Desember 2017]

1.19 "Ma, Jan sukkel mos maar om **af te skakel** ..."

1.19.1 Wat is die figuurlike betekenis van "af te skakel" in SPRAAKBORREL 2? (1)

1.19.2 Noem EEN manier waarop hierdie woorde van die vrou visueel uitgebeeld word. (1)

1.20 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit die jonger vrou se woorde en houding kan ons aflei dat sy Jan se optrede (aanvaar/bevraagteken). (1)

1.21 Hoe kan ons sien dat die dogtertjie haar nie aan haar pa steur nie? (1)

1.22 Die meeste mense in hierdie spotprent is gereed vir 'n tipiese dag op die strand.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

1.23 Die pa se werk is vir hom belangriker as om aandag aan sy kinders te gee.

Waarom is hierdie afleiding korrek? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**AFDELING B: OPSOMMING**

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

**VRAAG 2**

**INSTRUKSIES**

1. Som die SEWE wenke oor **hoe om jou tekkies skoon te maak**, in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die wenke puntsgewys in die regte volgorde neer.
3. Nommer die wenke van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

**HOE OM JOU TEKKIES SKOON TE MAAK**

Tekkies is baie gewild onder oud en jonk. Dit is belangrik om te weet hoe om jou tekkies skoon te hou. Hier volg 'n paar wenke wat jou daarmee kan help.

As jou tekkies baie vuil is, kan jy begin deur eers die ergste vuilheid met 'n borseltjie af te borsel. Dan is dit makliker om die tekkies te was.

ÉcoleBooks

Moenie sommer enige skoonmaakmiddel op jou tekkies gebruik nie, want as dit te sterk is, gaan dit jou tekkies beskadig. Seep in 'n bottel (vloeibare seep) wat vir handewas gebruik kan word, werk baie goed op die meeste tekkies. Jy moet die vloeibare seep wat jy wil gebruik eers op 'n klein deeltjie van die tekkies toets. So kan jy seker maak dat die seep nie die tekkies gaan beskadig nie.

Vryf die mengsel van louwarm water en die seep met 'n lappie oor die tekkies. Vir plekke wat moeilik is om by uit te kom, byvoorbeeld die binnekant van die tekkies, kan jy 'n tandeborsel gebruik en die tekkies saggies daarmee skrop.

Wanneer jy die tekkies klaar gewas het, kan jy dit met warm water afspoel.

Moet nooit jou tekkies in direkte sonlig of hitte laat droog word nie. Maak dit altyd by kamertemperatuur droog.

[Verwerk uit rooirose.co.za]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**


- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

**TEKS D**

# 'N SPELKOMPETISIE

## (3.1) Die tyd raak min! Registreer nou!

(3.3)




**(3.2) (Groot) bedrae geld op die spel!**

**1ste prys: R20 000**
**2de prys: R15 000**
**3de prys: R10 000**

## Vir slimkoppe in Afrikaans!! (3.4) (Gewild) as ooit!!

**Doen die volgende dinge sodat alles (3.5) (glad) verloop.**

- Gaan net na www.afrikaans.com.
- Dan klik jy op die spelkompetisiebanier en volg die (3.6) (stappe/trappe) soos aangedui.

(3.7) Deelnemers kan (sonder moeite) (by die Taalmonument) (2 Julie 2019) registreer.

- Maak seker dat jou (3.8) (inskryf) betyds in is.
- Uitdunne vind 4 Julie 2019 aanlyn plaas en die finale ronde is 8 Augustus 2019.

AL
(3.9) *AFRIKAANS LEEF*

[Eie teks]



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


3.1 Hoe word die leser in die opskrif by (3.1) gemanipuleer? (1)

3.2 Gee 'n ANDER WOORD (sinoniem) wat meer emosie uitdruk as die woord tussen hakies.

(Groot) bedrae geld op die spel! (1)

3.3 By watter EEN woord in die advertensie sluit die prent van die uil die beste aan? (1)

3.4 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

(Gewild) as ooit!! (1)

3.5 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Doen die volgende dinge sodat alles (glad) verloop. (1)

3.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dan klik jy op die spelkompetisiebanier en volg die (stappe/trappe) soos aangedui. (1)

3.7 Skryf die sin hieronder in die KORREKTE WOORDORDE neer.

EcoleBooks

Deelnemers kan (sonder moeite) (by die Taalmonument) (2 Julie 2019) registreer. (1)

3.8 Skryf die SELFSTANDIGE NAAMWOORD van die werkwoord tussen hakies neer.

Maak seker dat jou (inskryf) betyds in is. (1)

3.9 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

***AFRIKAANS LEEF*** is 'n goeie logo vir hierdie advertensie, want dit wys dat die adverteerder Afrikaans (bevorder/beperk). (1)

3.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.10) neer.

Die adverteerder betrek die leser persoonlik deur die woorde ... te gebruik.


A " 'n" en "die"
B "jy" en "jou"
C "jou" en "Afrikaans"
D "jy" en "deelnemers" (1)

**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**




[Verwerk uit *Die Burger,* 8 Februarie 2018]

4.1 Hoe weet die leser dat die ma in RAAMPIE 1 direk met die kinders praat? (1)

4.2 Skryf die ma se woorde in RAAMPIE 1 oor en vul die ontbrekende KOMMA op die regte plek in. (1)

4.3 Maak 'n sin waar "stroopsoet" (RAAMPIE 1) LETTERLIK gebruik word. (1)

4.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit (bedoel/beteken) knieë onder die tafel ... (1)

4.5 Gee die VERKLEINWOORD van "tafel". (1)

4.6 Skryf die ma se woorde in RAAMPIE 2 oor. Gebruik "moet" in jou antwoord.

Kou met toe monde.

**Begin só:** Julle ... (1)

4.7 Wat IMPLISEER die ma se woorde in RAAMPIE 3? (1)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


4.8 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit RAAMPIE 3 kan ons aflei dat die ouers (verskil/saamstem) oor die kinders se gedrag. (1)

4.9 Hoe word dit wat die pa in RAAMPIE 3 sê, beklemtoon? (1)

4.10 Skryf die kind se woorde in RAAMPIE 3 in die LYDENDE VORM.

Nou kritiseer Ma ons! (1)

**[10]**

ÉcoleBooks

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die koerantartikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

5.1 Lees die koerantartikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F: ARTIKEL**

**PIET EN ELIZNA SE WENPAMPOENE**

Piet en Elizna Lotz van Riversdal in die Wes-Kaap, boer (5.1.1) (...) groot pampoene. Hulle het (5.1.2) (vier) jaar na mekaar hulle pampoene vir die kompetisie by die Giant Pumpkin Festival in Heidelberg ingeskryf, maar nooit 'n prys gewen nie. Hulle kon maar net nie pampoene kweek wat meer as 300 (5.1.3) (kg) geweeg het nie.

Tydens die 2018-fees was dit egter 'n ander storie! Toe is hulle as die heel (5.1.4) (goed) pampoenkwekers gekroon. Piet het R14 000 as eerste prys vir (5.1.5) (...) geel pampoen ontvang. Elizna het die (5.1.6) (twee) plek behaal.

Piet sê pampoene het baie liefde, 'n (5.1.7) (ongeduldige) vrou en klassieke musiek nodig om goed te groei. " 'n Mens moet (5.1.8) (elke dag) in jou tuin wees. Jy moet moeite doen (5.1.9) (aandag aan jou pampoene gee). Daar is baie dinge wat kan skeefloop," verduidelik hy.

(5.1.10) (Piet sê dat die weer 'n belangrike rol speel.) (5.1.11) (As dit genoeg reën), weeg die pampoene te min. Hulle het soms ook probleme met lastige (5.1.12) (insek) wat die pampoene beskadig.

Baie mense ondersteun die jaarlikse Giant Pumpkin Festival. (5.1.13) Daar is altyd iets vir almal. (5.1.14) Die mense van Heidelberg gebruik die geld van die fees tot voordeel van die dorp.

[Verwerk uit *Maroela Media*, 26 Maart 2018]

5.1.1 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in.

Piet en Elizna Lotz van Riversdal in die Wes-Kaap, boer ... groot pampoene. (1)

5.1.2 Gebruik die HOMONIEM van **vier** in 'n sin sodat die betekenis duidelik blyk.

Hulle het **vier** jaar na mekaar hulle pampoene vir die kompetisie ingeskryf. (1)

5.1.3 Skryf die AFKORTING tussen hakies voluit as 'n woord.

Hulle kon maar net nie pampoene kweek wat meer as 300 (kg) geweeg het nie. (1)


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


5.1.4 Gee die korrekte vorm van die BYVOEGLIKE NAAMWOORD tussen hakies.

Toe is hulle as die heel (goed) pampoenkwekers gekroon. (1)

5.1.5 Vul die korrekte ontbrekende VOORNAAMWOORD in.

Piet het R14 000 as eerste prys vir ... geel pampoen ontvang. (1)

5.1.6 Gee die korrekte vorm van die TELWOORD tussen hakies.

Elizna het die (twee) plek behaal. (1)

5.1.7 Gee die ANTONIEM vir die woord tussen hakies.

Piet sê pampoene het baie liefde, 'n (ongeduldige) vrou en klassieke musiek nodig om goed te groei. (1)

5.1.8 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

'n Mens moet (elke dag) in jou tuin wees. (1)

5.1.9 Skryf die gedeelte tussen hakies in die INFINITIEF.

Jy moet moeite doen (aandag aan jou pampoene gee). (1)

5.1.10 Skryf die sin in die DIREKTE REDE.

Piet sê dat die weer 'n belangrike rol speel. (1)

5.1.11 Skryf die gedeelte tussen hakies in die ONTKENNING.

(As dit genoeg reën), weeg die pampoene te min. (1)

5.1.12 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Hulle het soms ook probleme met lastige (insek) wat die pampoene beskadig. (1)

5.1.13 Skryf die sin hieronder in die TOEKOMENDE TYD.


Daar is altyd iets vir almal. (1)

5.1.14 Skryf die GESEGDE in die sin hieronder.

Die mense van Heidelberg gebruik die geld van die fees tot voordeel van die dorp. (1)

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**



[Bron: ayathebook.com]

5.2.1 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Op die ronde tafel staan 'n (houer waarin 'n mens blomme sit). (1)

5.2.2 VOLTOOI die sin hieronder.

Daar is 'n groot bank waarop die mense kan sit en rus. Daarom noem ons dit 'n ... (1)

5.2.3 Kies die korrekte SPELLING tussen hakies.

Die (teels/teëls) blink mooi. (1)

5.2.4 Vul die ONTBREKENDE WOORD in die sin hieronder in.

Wanneer dit koud is, maak die mense vuur in die ... (1)

5.2.5 Verdeel die onderstreepte woord in LETTERGREPE.

Die <u>leeslampie</u> is afgeskakel. (1)

5.2.6 Vorm die PERSOONSNAAM van die woord tussen hakies.

As daar 'n (besoek) kom, kuier almal gewoonlik in hierdie sitkamer. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM